**23 Maart** **Skrifgedeelte: Psalm 95**
**Fokusgedeelte: Psalm 95:2**

**Lofsange wat dade word, wys ons erken die Here**

Gister het ons gesien dat God se volk op hul pelgrimstog deur die woestyn geen vertroue in God se versorging gehad het nie. Tog verseker Hy hulle soos ’n liefdevolle Vader van sy liefde. Hoe lank sal Hy hierdie hardkoppige en moedswillige volk nog duld? God lê ’n eed af dat hulle met hul gesindheid nooit die rusplek gaan bereik wat Hy vir hulle bestem het nie! Vandag weet ons dat Hy uit eie wil op sy Woord teruggekom het. Hy het sy Seun uit sy ewige hemelse rus laat kom om vir ons die onrus en straf te dra.

Hier sê die Here vandag: Verander jou gesindheid, loof die Here, gaan Hom in jou gebede tegemoet met lofsange. Laat jou woorde nie leeg wees nie, maar gevul met ’n dankbare hartsgesindheid. Doen hierdie dinge met die vaste sekerheid van sy beloftes en Hy bring vrede in jou hart en huis. Die eerste tekens is dalk baie gouer daar as wat jy verwag.

*Sing: Psalm 95:1 (p. 477)* *Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*